ENKELE KRITIESE OPMERKINGE OOR DIE KATEGETIESE BEOEFENING BINNE DIE NED GEREF KERK

H S Breytenbach

Abstract

Critical remarks on Religious Education in the Dutch Reformed Church

A few statistics are mentioned in this article, and conclusions are drawn from them. Then faith-instruction in the Old and New Testaments is discussed. Religious education is first and foremost, the task of the parents, but officially also the task of the congregation. The congregation must learn to make religious education their own responsibility. In the congregation you learn to believe, and faith is stimulated. The author closes with ten critical statements in an attempt to show a way for religious education in the DRC.

1 Inleiding

Hierdie artikel is gebore vanuit 'n eerlike kommer oor die "formeel gestruktureerde amptelike onderrig"[1] soos tans in die Ned Geref Kerk beoefen word. Die doel van hierdie artikel is natuurlik nie om negatief of enigsins afbrekend teenoor die kerk te wees nie. Die doel is veel eerder om nadenke by predikante/teoloë en lidmate te stimuleer sodat die kategetiese beoefening ernstig opgeneem sal word. Vanuit die Algemene Jeugkommissie (A J K) se *Tienerondersoek*, 1987; Hoofverslag, Koester ons Jeug, van die Departement onderwys en kultuur 1990; Kerkspieël III, 1991 en H Boshoff se *Samelewingsveranderinge en die kerk in die negentigerjare: moontlike implikasies 1990*, vind ons die volgende statistiek. Daaruit kan 'n aantal afleidings gemaak word.

2 Statistiek en afleidings daaruit

2.1 Statistiek*

81.9% katkisante stem saam dat die kategeseklas anders as 'n skoolklas aan-

gebied moet word en net 11% verkies dat 'n dagskool onderwyser/onderwyseres vir hulle moet klasgee,

* 33% verkies dat die dominee vir hulle moet klas gee,
* 13% verkies dat die vader as kategeet moet optree,
* 17% verkies dat die moeder as kategeet moet optree,
* 52% verkies 'n jong persoon
* 53.5% oordeel dat die kategese meer prakties moet wees, terwyl 34.1% onseker is. 27.5% is onseker of meer take uitgewerk moet word.
* 74% katkisante verkies meer informele gesprekke tydens die kategese. 62.8% oordeel dat daar meer klem gelê moet word op sake wat vir die persoonlike en geestelike lewe van belang is.
* 64% katkisante vertrou hulle kategeet geheel en al, 23.9% is onseker, terwyl net 11.9% verskil. Dieselfde tendens vind ons by die vrae of die kategeet van die katkisant hou en sy bes doen vir die katkisant. Slegs 6% meen dit is negatief. Hiermee saam oordeel 62% katkisante dat die kategeet 'n goeie voorbeeld vir hulle stel, terwyl 31.5% onseker is en 80% meen dat die kategeet werklik glo wat hy leer.
* 84% katkisante wil graag iets vir die kerk doen, maar is onseker wat om te doen. 89% voel dat hulle toegelaat moet word om op hulle eie iets vir die gemeente te doen. Selfs 88% sal Saterdae bereid wees om iets te doen. Op 'n ander vraag het 90% geantwoord dat hulle skuldig voel omdat hulle nie meer vir die Here doen nie.
* 72% kinders oordeel dat hulle die gemeentelede glad nie ken nie.
* 95% skoolgaande dooplidmate in die Ned Geref Kerk woon die kategese by.[2]
* 21% gemeentes skryf glad nie kategesetoetse nie.

2.2 Die volgende afleidings

2.2.1 Daar moet gewaak word teen 'n *skoolse-klasgee-benadering*. Uit Boshoff se analise van hierdie saak kom weer na vore wat brandend aktueel vir die kategetiese praktyk in die Ned Geref Kerk van vandag is[3]. Die kinders beleef 'n leer/lewe digotomie binne die bediening van die Ned Geref Kerk. Prediking en kategese word ervaar as 'n oorbeklemtoning van leerstellige sake wat nie effektief die praktyk aanspreek nie. Dingemans meen ook dat daar tot nou toe in die kerk te veel klem gelê is op die "leer" of die kognitiewe[4] en dat die katkisante op 'n te skoolse-wyse in die evangelie onderrig word.[5]

2.2.2 *Daar is 'n behoefte aan meer praktykgerigte onderrig*

Die probleem is dat sekularisasie die kerk self binne gedring het. Die vraag is: "Hoe kan die wêreld sien dat God werklik iets beteken vir die jongmense van die negentigerjare?" P van der Ploeg het 'n ondersoek gedoen onder jong kerkverlaters tussen 16 en 25 jaar in Nederland. Die bevinding was dat die jongmense in die kategese net te doen gehad het met die verpakking van die godsdiens en nooit geleer het om dit prakties te beoefen nie.[6]

Leer en doen mag nie van mekaar geskei word nie. Die Algemene Jeugkommissie streef dan ook na koördinasie tussen die kerk se kategese en die jeugaksies. Dit wat in die kategese aan die kind onderrig word, moet in sy daaglikse lewe neerslag vind. Jongmense het 'n vraag na die troosvolle toesegging van God se beloftes. Hulle wil te midde van alle relativisme die persoonlike Woord van God aan hulle eie adres hoor. Daar mag nie 'n roerlose opeenstapeling van feite wees nie. Die volgende drie sake is van belang:

1 Die inhoud moet getrou wees aan die Skrif en die belydenis van die kerk sodat die sentrale waarhede en begrippe van die Bybel na vore kom en verklaar word.[7]
2 Die inhoud moet doelstellingsgerig wees en dus moet alle irrelevante, nie-doelstellinggerigte inhoude uit die leerplan verwyder word.[8]
3 Die behoeftes en vermoëns van die kind moet in aanmerking geneem word[9] en die onderrig moet aktueel, en nie lewensvreemd aangebied word nie.

2.2.3 *Daar is 'n behoefte aan dienslewering*

Die arbeid van die kerk is dikwels te veel gerig op 'n "kom-struktuur". Daar is 'n "sheep fold" mentaliteit[10], en die hele aksie is sentripetaal, middelpuntsoekend. Dan praat die kerk van vernuwing, maar hy praktiseer restourasie.[11]

Die kom-en-gaan-struktuur is die juiste houding. Jesus het tog die mense na Hom toe geroep (Matt 11:28) en hulle dan weer uitgestuur, "gaan" (Matt 28:19).

Dit blyk dat daar nog te min aandag gegee word aan dit wat die kinders konkreet in die gemeente kan doen. Hulle leer nooit om hulle geloof uit te asem nie.

Alhoewel dit duidelik gestel word in "Leer hulle om alles te onderhou: Kategeet vir Christus 1" dat die kinders moet kan doen[12], blyk dit uit die Tienerondersoek dat dit in die praktyk nie realiseer nie.

2.2.4 *Die kategese word geïsoleerd beoefen*

Die kategese kan nie as 'n geïsoleerde onderrigaktiwiteit funksioneer nie. Die meeste ouer definisies van wat kategese is, het nie juis aan hierdie aspek aandag gegee nie. Die nouste moontlike band moet tussen die kategese en die gesin, gemeente-aktiwiteite en die kategese en tussen die prediking en die kategese gestel word.

Uit bogenoemde statistieke blyk dit dat die kinders 'n gevoel van "in die koue staan" beleef. Vir geestelike groei en verandering is die onderlinge verbondenheid (Hand 2:42) en "*koinonia*" 'n noodsaaklike vereiste. Die gemeentefunksionering behoort hierdie saak in belang van die kategese binne die kerk aan te spreek.

2.2.5 *Die vertroue wat die kategeet by die katkisante skep*

Die vertroue wat die kategeet by die katkisante skep, is 'n geweldige belangrike en positiewe saak vir kategetiese onderrig. Die afkyk van 'n lewenstyl (modellering) is vir die saak van groot waarde. Dit is tog veelseggend dat die meeste katkisante 'n jongmens verkies as kategeet (52%).

3 Wat word met kategetiese beoefening bedoel?

3.1.1 *Wie het die geloofsopvoeding behartig?*

Geloofsopvoeding was 'n saak van die ouers[13], wat in die alledaagse lewe plaasgevind het. Die ouers het doodgewoon van die dade van God vertel (Deut 6:20-25; Ps 78:1-7) en dit van geslag tot geslag lewendig gehou. Die feesdae soos die sabbat, die groot versoendag, die pasgafees wat die volk moet herinner aan die uittog, die loofhuttefees en die purimfees is herhaaldelik oorvertel en opgevoer sodat dit nie vergete raak nie.[14] Rondom ons jaartelling was daar ook sprake van skole gewees, waar kinders vanaf hulle sesde of sewende jaar deur wetsleraars onderrig is. By die eerste skool, die "beth-ha-midrasj" is meer aandag gegee aan die inhoud en onderhouding van die Tora.[15]

Die onderrig in die leerhuis was natuurlik gekoppel aan die sinagoge. Hierdie "sit aan die voete van die leermeesters" het Jesus al agter die rug gehad toe Hy as twaalfjarige in die tempel gevind is (Luk 2:46vv). By die sinagoge is die hele volk onderrig. Die *leertyd* het gestrek van wieg tot graf.

Die *leer* was nie primêr op geleerdheid gerig nie, maar op die regte han-

delinge. In die Joodse tradisie is dié leer 'n wyse van omgang met God en die wêreld. Die bestudering van die tora was 'n leerproses waarin die leerling groei en verander tot 'n eie persoonlike lewenskeuse.

Geloofsonderrig was natuurlik ook die verantwoordelikheid van die volk. Die hoofgebed wat elke Israeliet drie keer per dag op drie gebedstye moes bid, die viering van die feesdae en lees van die Tora was deel van die opdrag van Deuteronomium 6:7: "Jy moet dit by jou kinders inskerp en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is en as jy gaan slaap en as jy opstaan". Dingemans praat van "sosialisasie", wanneer die kind tot geloof kom in die geloofsgemeenskap waarin hy grootword.[16]

3.1.2 *Die onderrigmetode in die Ou Testament*

Die leermetode het hoofsaaklik bestaan uit die "inprenten" en "inhameren" van wyshede met die doel om self wys te word (Spreuke 8:33). Tussen God en die mens het die leerproses gestaan as bemiddelingsgebeure.[17] Die leer verbind die menslike gees met die Gees van God.

Vertelling was die basiese kommunikasie-genre. Verhale is mondelings voorgedra by howe, feesgeleenthede, tempels.[18] Die skrywer van Deuteronomium maak waarskynlik van Moses as sy verteller gebruik. Vertellers het as 'n soort vermaaklikheidskunstenaar by feesgeleenthede opgetree, bv Simson teen die Filistyne, of die slim plan wat Ehud gemaak het om die vet koning Eglon te vermoor.

Baie belangrik is die feit dat die Jode nie 'n onderskeid tussen leer en lewe getref het nie. In die leerproses groei jy en in die doenproses leer jy.

3.1.3 *Die doel van die onderrig*

Die leer was nie primêr op geleerdheid gerig nie, maar op die regte handeling. Die Hebreeuse woord "lamad" beteken dan ook "praktiese oefening", terwyl "jada^c" ook nie net na intellektuele kennis verwys nie, maar na "uitvind" in Ester 2:11 en "ondervind" in Jesaja 47:8.

Heeltemal tereg meen Firet dat dit in die onderrig gaan om "omgang met die Heer in die gewone gang van die lewe".[19] Die doel van die onderrig was om van die kinders navolgers van God te maak.

3.2 Die Nuwe Testament

3.2.1 Die oudste leerstof is seker die briewe van Paulus wat die volgende kenmerke vertoon:

Dit het 'n sterk pastorale toon. Dit is sterk dialogies van aard. Dit is praktykgerig. Daar word gepoog om te oortuig d m v argumente en bewyse. Hy pleit hartstogtelik vir die liefde van God wat in Jesus gekom het.[20] Die sentrale boodskap is die oproep tot geloof in Jesus Christus.

3.2.2 *Jesus het 'n ietwat ander benadering gehad*

Hy maak nie gebruik van redevoerings of twisgesprekke nie, maar wel van *gelykenisse* as stylmiddel.[21] Dit was verhale uit die daaglikse lewe waarmee Hy die koninkryk van God toelig. Hy vorm 'n groep leerlinge (dissipels), wat later as geroepenes die wêreld in sal gaan om mense te roep om in 'n verhouding met Jesus te staan.

Jesus se onderrig staan in diens van sy missie. Sy doel is nie om te leer nie, maar om te RED. Sy onderrig is gerig op die *praxis*. Dit is toegespits op die bevryding en vernuwing van mense om in 'n geloofsverhouding met Hom te staan. Hy vertel aanbiedend en tegelykertyd eksplorerend (ontdekkend). Die lesers moet self kyk hoe hulle by die verhaal inpas of wat hulle daarmee wil maak (Luk 15 en Luk 10). Dit hou jou jou hele lewe lank besig.

4 Die kurrikulum van kategese

4.1 Die term

Met die term kurrikulum word bedoel "die beplanning, seleksie, ordening en evaluering van leerinhoude en leerervarings, in ooreenstemming met onder meer die Skrif en belydenis en met inagneming van dit wat instrumenteel is tot die verwerkliking van 'n bepaalde doel in die onderrigsituasie en wel op so 'n wyse dat al hierdie sake 'n onderlinge en funksionele samehang vorm".[22]

In bogenoemde definisie word gedink aan:

Inhoudgesentreerde kurrikula waar alles draai om die kennis wat oorgedra word. Kindgesentreerde kurrikula waar die inhoud bepaal word deur die belangstellings of behoeftes van die kind.[23] Sosiaal-relevante kurrikula waar die aansprake en eise van die samelewing die uitgangspunt vorm.[24]

Die woord "katechein" word deur Paulus gebruik vir die Joodse Tora-onderwys en vir die onderrig in die Christelike leer (Hand 18:25; 1 Kor 14:19 en Gal 6:6). Tog blyk dit dat die gebruik van die woord "katechein" nie oorheersend vir die Christelike onderrig deur hom gebruik word nie. Paulus se primêre oordragsvorm blyk "keryssein" te wees soos in Handelinge 13:5,13:32.[25]

Die woord "katechein" is 'n "terminus technicus" vir die geloofsoproep. Dit het die betekenis om iemand te wen of te werf.[26] Die begrippe "didaskein" en "didaskalia" dui ook nie op intellektuele leer- en onderwysaktiwiteit nie, maar op onderrig in die weg van wysheid. Inwyding in die lewe van God[27] en, soos Firet dit noem, omgang met die Heer in die gewone lewe van elke dag[28] is 'n beter omskrywing. Die werkwoord wat by leerling hoort in die Nuwe Testament is "akoloutheo". Die Hebreeuse "lamad" beteken 'n praktiese oefening.[29] Daar word geleer wat gedoen word en dit leer 'n mens in die praktiese navolging van Christus. Leer is 'n werk-woord. Leer is om 'n verhouding aan te gaan. Leer is om die Here te VOLG. Dingemans is heeltemal reg as hy eerder wil praat van "Mathetiek" as van "Kategetiek".[30] Dit gaan om die vraag "hoe leer ons glo?" Dit gaan daarom dat ons al lerende navolgers sal word van Jesus.

Die woord leer is in ons taalgebruik beperk tot die kognitiewe, terwyl die woord volg die kognitiewe, konatiewe en affektiewe insluit. Om 'n navolger te wees beteken om in 'n intieme verhouding met die Here te staan. Om Hom te dien met hart en mond en hande (Ges 190) of, soos ons elke Sondag bely, met my hele hart en my hele siel en met my hele verstand (Mat 22:37).

4.2 Skrif en Belydenis

Dit is opmerklik dat die behoeftes van die jongmense soos hierbo uitgewys geen nuwighede impliseer nie, maar van onderrigting in die Woord. Hulle vra net egte begeleiding in die werklikheid van die lewe, en dit is tog wat die Woord veronderstel is om te wees.

Die belydenisskrifte, as die kort samevattende weergawe van die inhoud van die Skrif, moet aan die lidmate oorgedra word sodat hulle dit kan ken en as maatstaf vir hulle lewe kan toepas.[31]

Die vraag kan dan tereg gevra word waarom jong doop- en belydende-lidmate nog soek na sekerheid? Moes hulle dit nie al gekry het nie?

Dit is my oortuiging dat ons weer sal moet gaan kyk hoe die Woord van God in die kategese funksioneer.

Die lewe van die jongmens sal binne die kategeseruimte deur die uitlê

van die Woord van God aangespreek moet word. Die kategeet sal 'n dialoog moet bewerkstellig tussen die gees van die katkisant en die Gees van God sodat die katkisant in 'n verhouding met Christus en met die wêreld sal staan. Hiermee moet die gemeente help.

4.3 Die funksionering van die Woord binne die Kategese

4.3.1 Die katkisant moet die evangelie, as die goeie nuus van die voldoende soenverdienste van Jesus Christus, in die kategese hoor, sodat hy kan glo en daarvolgens kan gaan lewe. Die evangelie moet daarom duidelik en onvervals gehoor word en só verklaar word dat dit uitgeleef kan word. Die katkisant moet duidelik weet wat dit vir hom sê en van hom vra.

4.3.2 Die katkisant moet geleer word om te lewe binne die veilige ruimte van God se genadige toewending tot hom in sy verbond. Kategese as geloofsonderrig moet die katkisant insig gee in sy identiteit as erfgenaam van God (Gal 4:3-7). Hy moet geleer word om met die genadige toesegging te lewe. Hy moet geleer word om te lewe binne die werklikheid van die verbond waarvan sy doop die teken en seël is. Die kategese het dit daarom in antwoord op die toesegging waarvan die doop getuig. Hierdie evangelie, wat so aan die dopeling betuig, bevestig en verseël word, moet die kind in staat stel om so daarmee te lewe dat hy waarlik sal weet wat "sy enigste troos in lewe en in sterwe is."

4.3.3 Die liefde vir God moet ingeskerp, ingeoefen en ingeprent word. (Deut 6:1e.v.) Vroeër jare het inoefening geskied in die kloosters en in skole binne die gemeenskap. Om in so 'n gemeenskap te gaan woon, het dan ook beteken om jou te skik aan hulle reëls. Dit het dan letterlik dissipelskap ten doel gehad.[32] Bonhoeffer het in 1935-1937 so 'n oefenskool gehad waar teologiese studente hulle moes onderwerp aan die reëls van studie, daaglikse godsdiensoefening en tug. Hitler het egter gou hieraan 'n einde gemaak. Bogenoemde gedagte het in 'n groot mate verval, moontlik omdat die regte leer belangriker geag word as die regte lewe.

4.3.4 Die belangrike punt is dat die Woord van God reg geleer moet word sodat dit reg uitgeleef kan word binne 'n geloofsgemeenskap wat mekaar daarin ondersteun. Terwyl geleer word, moet uitgekyk word op die praktyk. Leer in die kerk is dus dialogies. Inhoudgesentreerde, kindgesentreerde en

sosiaalgesentreerde kurrikulum staan in 'n permanente wisselwerking.[33] Hierby sou ons weer byvoeg "gemeentegesentreerdheid".

4.3.5 Die evangelie mag nie vaag, onduidelik of tweedehands verneem word nie. 'n Handboek is goed, maar mag nie die Woord vervang nie. Die gebruik van die Skrif moet die primêre posisie inneem in die kategese. Hiertoe moet die kategesehandboek 'n belangrike hulpmiddel wees, maar kategese mag nie opgaan in die skryf en voorskryf van handboeke nie. 'n Vereenvoudigde struktuuranalise kan aan die kinders geleer word om hulle sodoende te leer worstel met die Woord self. Miskien is een van die probleme van die kategese dat die kind nie meer die Woord van God bestudeer nie. Die handboeklesse word wel "voorberei", maar die lees van die Woord van God word eenvoudig nagelaat.

3.3.6 Woordontsluiting moet geskied binne die ruimte van die gemeenskap van die gelowiges. Vir die kerklike kategese beteken dit dat die kategeseklasse groepies moet wees waarbinne die gemeenskap van die gelowiges bewustelik uitgeleef moet word. Daar moet saam gebid, gesing, gelag, geleer en geleef word. Dit vra natuurlik dat daar meer ruimte sal wees vir "koinonia" waar jongmense volledig kan deelneem in die gemeenskap van die gelowiges.

5 Kategese beoefening binne 'n geloofsgemeenskap

Kategetiese beoefening sal alleen tot sy reg kom binne dié geloofsgemeenskap waar die geloofsgemeenskap verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Schippers is reg as hy sê: "De gemeente is de ervaringsruimte voor de catechese".[34] Enkele opmerkinge word nou hieroor gemaak.

5.1 Wat word bedoel met "geloofsgemeenskap"

Die koms van die term "gemeentebou" sowat tien jaar gelede het twee sake duidelik beklemtoon, naamlik: (1) Hoe om te getuig en (2) die gemeenskap van die gelowiges, of die "koinonia".

Dit was die gemeenteboubeweging, saam met ontwikkelings in die sosiale wetenskappe soos die sosiologie, sosiale sielkunde en bestuurswetenskappe, wat ons oë begin oopmaak het vir die eie lewe en lewensreëls van groepe,

organisasies en gemeenskappe. Hierdie insigte moet egter nou prakties-teologies benut word met die oog op die praktyk van ons kerklike lewe.[35]

5.2 Goedhart definieer geloofsgemeenskap as: Gelóófsgemeenskap en geloofsgeméénskap[36]

Wat Israel maak tot volk van God is hulle geloof in die enigste Here (Deut 6:5). Wat hulle onderskei van die ander volke is hulle geloof in God. Dit is ook die onderskeid in die Nuwe Testament (Efes 4:20). Hulle lewe word met die Griekse werkwoord beskryf wat beteken "saam-met". Dit beteken ook: "saamly, saam-gekruisig, saam-begrawe, saam-opgewek en saam met Christus deel in die heerlikheid".

Die geloof in die een Here verbind die volk aan mekaar. Hulle vorm 'n gemeenskap waarin diens aan mekaar, aan die natuur en aan God die wesentlike is. In die woord "gemeenskaplik" sit die betekenis van die Woord "een".[37]

Die twee kante van *gelóófs*-gemeenskap en geloofs-*geméénskap* vloei in mekaar in die beeld van die kerk as liggaam van Christus. In Romeine 12 gaan dit duidelik om die "benutting van jou gawes" vir die opbou en uitbou van die gemeente. Die veelheid en die verskeidenheid van die gemeente "die toch met elkaar in een eenheid verbonden zijn" en "tog groot verantwoordelikheid jeens mekaar het"[38] is die belangrike saak. Die woorde "elkeen afsonder" (vers 5) en die sewe voorbeelde van genadegawes beklemtoon die dienswerk in belang van en vir die geheel.[39]

Seker die mooiste voorbeeld van 'n geloofsgemeenskap en sy funksionering vind ons in Handelinge 2:42-47. "Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede" (vers 42).

Die wesenseie van die gemeente was dit: hulle het volhard in die leer van die apostels, in gemeenskap, in die breking van die brood en in gebede. Hulle groei dag na dag en bly bymekaar. Hulle prys God en is in guns by die volk.[40]

Die oorredende element was natuurlik die Woordverkondiging en die werking van die Gees. Die bindende element was 'n visie om 'n geloofsgemeenskap en 'n geloofsgemeenskap te wees.

In die Latynse vertaling van die Nuwe Testament is "gemeenskap" vertaal met "kommunikasie". God het 'n verhouding met die mens begin (Gen 1:26-2:7) en sê dadelik dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie (Gen

2:18). God skep dan 'n vrou om by die mens te pas en dan word dadelik van gemeenskap gepraat (Gen 2:24). Die verhouding met die natuur is ook al genoem (vers 15) en die verhouding God-mens word later uitgebrei tot God--volk.[41] Die mens is dus 'n kommunikatiewe wese wat in 'n netwerk van verhoudinge staan. Dit gaan dus om deel (met mekaar en ander), en dien (mekaar en ander), dit is gemeenskap.[42)] Geloof ontstaan en word altyd gevoed in so 'n geloofsgemeenskap.

Ons, in ons indiwidualisme en egosentrisme, sal net moet besef dat die indiwidu se belange konsekwent ondergeskik staan aan dié van die groep, omdat hy deel is van die groep. Die Ou-Testamentiese geloof is net nie denkbaar sonder hierdie kollektiewe bewussynslyn nie. In die Nuwe Testament is hierdie kollektiewe bewussynslyn veel sterker as wat algemeen aanvaar word. Jesus kies vir Hom 'n dissipelgroep wat beslis nie bestaan uit eendersdenkendes nie, maar uit alle soorte en tipes. Hulle was 'n diensgroep wat vir drie jaar letterlik hulle lewens met Jesus en met mekaar gedeel het; 'n diensgroep wat saamgebring is rondom 'n visie om vissers van mense te wees. As Hy dan weggaan, gee Hy die groep aan mekaar om aan mekaar te doen wat Hy tot dusver vir hulle gedoen het: die wedersydse sorg vir mekaar.

Die stigting van die kerk in Handelinge is niks anders as 'n Goddelike sanksionering en bekragtiging van die gemeenskap van die gelowiges met die oog op hulle taak nie. In die verhaal van Handelinge staan die gemeente deurentyd sentraal. Die Gees word uitgestort op die geloofsgemeenskap wat op een plek bymekaar was (Hand 2:1). Die gemeente het hul lewens met mekaar gedeel (Hand 2:42-47), hulle goed verdeel (Hand 4:32), as gemeente vir Paulus en Barnabas uitgestuur en deurentyd verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Hulle het na mekaar omgesien en mekaar gehelp op die geloofspad agter Jesus aan.

Om die "communio sanctorum", die gemeenskap van die gelowiges, in die praktyk tot sy reg te laat kom, sal die kerk vanuit 'n oorwegend institutêre model moet beweeg na 'n bedieningspraktyk wat meer ruimte maak vir ervaring/inoefening, die onderlinge omsien na mekaar en die omgee vir mekaar. Per definisie sal koinonia dan verwys na dit wat God heilshistories steeds tot stand bring op grond van die soenverdienste van Jesus Christus en bewerk deur die Heilige Gees. Dit, sê Hendriks, "realiseer in die onderlinge verhoudinge tussen gelowiges; jy ontvang en gee dit, dis gawe en opdrag; dit word gekenmerk deur liefde, diens, eenheid, wedersydse opbou, lyding deel, vreugde, orde en aanbidding; dit besit 'n gedeelde eskatologiese koninkryksvisie, en is ten diepste gegrond in 'n persoonlike geloofsverhouding tot God".[43]

5.3 Die teologie van die Christelike geloofsgemeenskap

5.3.1 Jesus Christus is die sentrum van die gemeente. "De basismetafoor 'Jesus is Christus' houdt in het kerugmatisch spreken over Jezus als symbool van God".[44] In die ervaringsruimte van die gemeente is daar verskillende toegange tot hierdie basissimbool. God kom dus op verskillende maniere, met name in ambivalensies, ter sprake. Die uitsprake oor die gemeente word geheel en al bepaal deur die uitsprake oor Jesus Christus[45] en met die duidelike klem op samewerking van die gelowiges.[46] Die twee sake is vir die artikel van belang.

5.3.2 Die gemeente kan egter alleen ervaringsruimte wees wanneer die gemeente funksioneer as "pneumatische communiteit".[47] Die kerk is 'n unieke gemeenskap omdat Christus die hoof is en die kerk in en deur die krag van die Heilige Gees leef. Die uniekheid van die kerk is 'n geloofsaak wat saamhang met die kerk se belydenis van die werklikheid van die uitstorting en werksaamheid van die Heilige Gees.

Die kerk is 'n pneumatologiese- en ook 'n antropologiese werklikheid omdat die Gees die mens nie uitskakel nie, maar juis inskakel in sy werkwyse. Die pneumatologiese is nie navorsbaar nie, maar wel die antropologiese. As ons beter verstaan hoe 'n geloofsgemeenskap werk, sal ons in staat wees om beter strategieë vir die bediening in die kerk uit te werk.

5.3.3 Die Christelike geloofsgemeenskap (gemeente) vorm 'n onmisbare skakel in die skepping van ervaring. Die gemeente is tegelyk ook medium van die openbaring. Vir die oordra van die openbaring en die ervaring van God in die wêreld is menslike getuienis en ervarings nodig. Die gemeente moet herinnerings wakker hou en ervarings aanwakker.[48] Dit moet op so 'n wyse geskied dat die medium self tot boodskap word. Dan sê ons saam met Dewey: "Message here means the perceptions you are allowed to build, the attitudes you are enticed to assume, the sensitives you are encouraged to develop - all of the things you learn to see and feel and value. You learn them because your environment is organized in such a way that it permits or encourages or insists that you learn them".[49]

5.3.4 Hiermee saam sien ons dat openbaring ervaring skep. In die Bybel is die ervaring van die mens met God en die wêreld so ineengeweef dat dit

vra na nuwe ervarings met God en die wêreld.[50] Die mens is 'n vrye, unieke en selfstandige persoon, na die beeld van God geskape, wat besig is om te wórd. Hierdie op-weg-wees, hierdie wording in die rigting van sy bestemming, beteken dat die mens in verhoudinge staan en so sin vind met God, met mekaar en met die natuur. In sy selfverwerkliking is die mens aangewese op 'n lewe in sinvolle verhoudinge wat onderlinge begrip en gemeenskap bewerk, waarsonder geen mens kan bestaan nie.[51] Dit beteken dat die gemeente as ervaringsruimte die jongmense ervarings moet laat opdoen met God en die wêreld.

5.3.5 'n Christelike geloofsgemeenskap moet 'n visie hê waardeur hulle so aangegryp word dat hulle daarna smag om dit, soos die evangelie van Christus, as die goeie nuus met mekaar te deel. 'n Christelike geloofsgemeenskap se visie sal sentreer rondom die Persoon en werk van God met verwysing na God se werking in die hede, verlede en toekoms. Daar sal 'n baie sterk wisselwerking wees tussen hede, verlede en toekoms. Die geloofsgemeenskap se toekomsvisie groei uit sy ervarings met God in die verlede. 'n Groot deel van die geloofsgemeenskap se samekomste gaan oor die herdenking of herinnering aan God se verlossingsdade in die verlede. Sonder hierdie anamnese kan daar geen verantwoordelike visie in die Christelike geloofsgemeenskap wees nie. En sonder 'n behoorlike toekomsvisie kan daar geen effektiewe-funksionerende geloofsgemeenskap in die hede wees nie. Die visie moet natuurlik gekontroleer word. Die primêre kontrole-eienskap is die apostolisiteit of Christelikheid van die kerk. Dit is nie genoeg vir die kerk om 'n visie te hê nie. Die vraag is: Hoe lyk die visie? Is dit werklik 'n Christelike visie op die wêreld? Die geloofsgemeenskap is tog 'n instrument om die wêreld te bereik, 'n voertuig vir die woord. Die goeie nuus word aan die wêreld gebring in kerugma, koinonia, diakonia, verkondiging, gemeenskap en diens.[52]

6 Funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap

6.1 Die gesin is die eerste konteks vir onderrig, terwyl die gemeente die amptelike konteks is vir kategetiese onderrig.[53] "Leer glo" vind altyd in 'n geloofsgemeenskap plaas. "Hoe individueel en persoonlijk de geloofsweg en het geloofsresultaat ook mogen zijn - geloof ontstaat altijd in een gemeenschap"[54] en word gevoed in 'n gemeenskap. Dit kan die klein gemeenskap

van 'n gesin wees of die gemeenskap van die skool of die kerk. Elke mens het 'n voedingsbron nodig.[55]

6.2 God kom na ons via mense. Die Here het gelowiges in gemeentes aangewys as die menslike middel waarmee Hy sy doel met die evangelie op aarde wil bereik. Die koms van God word bemiddel deur die geloofsgemeenskap, wat die woorde van God opvang, bewaar en oorlewer. Mense met geloof, hoop en liefde wil dit ook aan ander deurgee. Leer glo begin daarom in die ontmoeting van die enkeling met die gemeenskap se geloofservaring.

6.3 Schultz onderskei in die godsdienspedagogiek tussen alledaagse ervarings, eksperimentele ervarings en basiservarings.[56] Vir ons is veral die derde ervaringsvlak van belang. Dit is die ervaring van liefde, geluk, vryheid, hoop; maar ook skuld, eensaamheid en dood. Hierdeur leer die mens op 'n omvattende manier. In hierdie derde kategorie lê 'n duidelike verbinding met die gemeente as ervaringsruimte of soos Ritter dit noem "lebensbestimmende Erfahrungen". Die basis ervaringe is natuurlik alles die werk van die Heilige Gees. Die gemeente kan dus alleen ervaringsruimte wees as hulle funksioneer as pneumatologiese gemeenskap. Die groot vraag bly net altyd of hierdie pneumatologiese gemeente wel georganiseer kan word? Hierop moet ons seker antwoord: Laat die Gees sy werk doen! Ons moet in elk geval iets nie doen nie, ons moet die Gees nie uitblus nie. Ons moet nie die kanale van die Gees verstop nie. Deur anders te leef as wat ons bely, word die gemeente 'n struikelblok op die weg van Godservaring. Hoe sal jongmense tog anders vir God kan ervaar as deur modellering?

6.4 Dit is heeltemal duidelik waarom konserwatiewe gemeenskappe/kerke wat 'n duidelike identiteit het mense so kan beïnvloed. Die gemeente moet inderdaad die pedagogiese ruimte wees. Die katkisant moet in die gemeente iets ervaar van die verhouding tussen geloof en werklikheid in sy ontmoeting met die mense. In die tyd van vervreemding moet die gemeente die leegte vul en teken wees van die kultuur waarin die beloftes van God ervaar kan word.

6.5 Die kategese het daarom die gemeente nodig. Kategetiese modelle sal alleen ontwikkel kan word vanuit sosialisasie-konsepte, met ander woorde waar die wisselwerking kategese-gemeente uitdruklik gereflekteer sal word. Hierby hoort 'n kommunikatiewe teologie. Die totale mens in sy verhoudinge sal ernstig opgeneem moet word.

6.6 Toetsing van die visie van die geloofsgemeenskap in die kategesebeoefening

In die kategetiesebeoefening kan die visie van die geloofsgemeenskap getoets word en lidmate aangemoedig word *om te leef* in ooreenstemming met hulle visie. In die kategese sal natuurlik kennis gekommunikeer word, maar dit moet geskied binne die raamwerk van die *visie van die geloofsgemeenskap*. In die kategese sal ook, as basiese kommunikasiegenre, van die *vertelling* gebruik gemaak moet word. Die verhale uit die geskiedenis van die geloofsgemeenskap moet in die kategese aan die kinders geleer word, vertél word. Daar moet 'n manier van dink oor en kyk na die wêreld aan kinders geleer word. In die kategese sal daar meer gemaak moet word van *modellering*: geloofsoordrag in die lewenssituasies waar kinders saam met volwassenes dit moet meemaak. Die Christelike geloof is 'n lewenswyse wat binne die grense van die geloofsgemeenskap ingeoefen en aangeleer moet word. Dit gaan met ander woorde om die gemeente as "pedagogische omgewing".[56] Hiermee saam sal daar gekyk moet word na *eenvoudiger vorme van kommunikasie met kinders*. Baie inligting word aan kinders deurgegee wat kom uit 'n volwasse geloofspersepsie. Om net van "Liewe Jesus" te praat in plaas van Christus is net nie genoeg nie. Ons sal dieper moet inkyk in die geheimenisvolle werking van die Gees van God in die lewe van kinders. Dit kan dalk beteken dat baie van die credo's van die kerk herskryf sal moet word. *Volwasse kategese* moet sterk aangemoedig word sodat die visie van die geloofsgemeenskap uitgebou kan word.

6.7 'n Vaste geloofsverbintenis

Dit gaan in die geloofsverbintenis om die daad-kant van die geloof. Sonder 'n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis van individue aan die visie van die geloofsgemeenskap, kan daar geen sprake wees van 'n lewende en effektiewe funksionering van die geloofsgemeenskap nie. Verbintenis wil 'n ekwivalent van die Engelse term "commitment" wees. 'n Duidelike voorbeeld is die verbondsluiting waar duidelik gepraat word oor die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap. Ook in die Nuwe Testament is die geloofsgemeenskap se aandeel nie konstitutief nie, maar absoluut essensiëel vir die verloop van die heilsproses.[57] Die drastiese manier van geloofsverbintenis vind ons seker by die dissipels van Jesus in hulle navolging. Die genade wat geen eise stel

nie, is genade sonder dissipelskap. Die kerk sal meer ruimte moet maak vir geloofskontrolering en geloofsverbreding. Meer geleenthede sal geskep moet word vir openbare geloofsbelydenis en belydenisvernuwing. Die jongmense wil iets ervaar van God se liefde en iets deel van God se liefde. Die geloofsgemeenskap sal deurentyd betrokke moet wees. Geloof in Jesus is nie iets wat 'n mens op jou eie begin en op jou eie volhou nie. Dit is 'n weg waarop die geloofsgemeenskap mekaar moet help en ondersteun. Om dié rede is iets soos geloofskontrolering van uiterste belang in 'n geloofsgemeenskap. Waarom skram ons daarvoor weg? Die rede is waarskynlik ons westerse individualisme. Binne die Christelike geloofsgemeenskap behoort geen individu aan homself nie. Ons behoort aan Christus en Hy het ons aan mekaar gegee.

6.8 Van selfsorg tot sorg vir mekaar

Dit is duidelik dat daar orals 'n geweldige behoefte is aan versorging. Die feit dat lidmate kla oor huisbesoek onderstreep die gedagte. Orals waar dit wel gedoen word, is daar geweldige positiewe reaksies.

'n Christelike geloofsgemeenskap is mense wat as't ware afgespreek het om dit wat hulle vir hulself sou doen, vir mekaar te doen. "Koinonia" is daarom geen emosie nie, maar die werklikheid van "saam bestaan". Dit bestaan daarin dat ons sal aanleer om vir mekaar om te gee en die verantwoordelikheid daarvoor sal aanvaar.

In die kategese, waar dit gaan om 'n sorgende geloofsgemeenskap en waar die werklikheid van geloof gesien en ervaar word, moet geleer/geoefen word om te praat oor Jesus, te simpatiseer, en oumense te gaan help by die trappies van die kerk. Diens is nie 'n natuurlike geneigdheid nie. Dit moet aangeleer word.

Mense bereik 'n versadigingspunt ten opsigte van intellektuele lering. Ons maak die kerk "dooie see" lidmate wat gedurig net kennis ontvang en niks deurgee nie.

Vir baie jare het die Ned Geref Kerk geen intensionele bediening gehad met die oog op gemeenskapsvorming nie. Die rede is waarskynlik dat ons gesit het met 'n institusionele kerkbegrip waar nie veel ruimte gelaat is vir "koinonia" ervaring nie. Vir jare was daar in die Ned Geref Kerk omgewing natuurlike gemeenskapsverbande waarop die kerk as't ware kon teer. Die situasie het drasties verander. Trouens, die skepping van wyksbyeenkomste was 'n tree in die rigting. Die kerk sal moet doelbewus hiervoor beplan en aandag daaraan gee in die kategese.

7 Samevattend

7.1 Die Woord moet nie tweedehands as klaar-verteerde, klaar-geïnterpreteerde kennis oorgedra word nie. 'n Afrigting in vereenvoudigde hermeneutiek sal eerder help dat daar 'n ontmoeting met God deur die Woord plaasvind.

7.2 Daar sal eenvoudig net meer aandag gegee moet word aan verhalende stof vir die kategese. Dit sal op so 'n wyse moet geskied dat die praktyk hierby ingeoefen kan word. Die katkisante moet "ryp" gemaak word vir die lewe. Hulle sal moet leer wat 'n bepaalde Skrifgedeelte konkreet vir hulle lewe wil sê.

7.3 Die kategetiesestof moet 'n dialoog bewerkstellig tussen die prediking en die kategete, tussen die kategeet en die katkisant, tussen die katkisant en sy ouerhuis en tussen die katkisant en die wêreld.

7.4 Die kategese kan nie as geïsoleerd in die gemeente aangebied word nie. Die prediking moet hiermee rekening hou en die hele gemeente moet by die kategese betrek word. Kategese kan nie behoorlik funksioneer sonder hulp van die gemeente nie. Die gemeente moet volledig funksioneer as 'n geloofsgemeenskap waar vir mekaar (in dié geval dan die katkisante) omgegee word en in mekaar belanggestel word.

7.5 Die kerk sal beslis moet aandag gee aan sy strukture. Die kerk sal moet soek na 'n paradigma wat die bestaande struktuur só ontwikkel dat die gemeenskap van die gelowiges baie meer aandag sal geniet; 'n gemeente wat omgee vir mekaar, belangstel in mekaar en omsien na mekaar in die naam van Jesus Christus; 'n "gemeente vir andere", waar daar ruimte sal wees vir ervaring. Ek wil saam met Hendriks pleit vir die vreugde element.[58] Gemeentes moet in hulle sorg en omgee vir mekaar iets oordra van die vreugde van Christen-wees, al gaan dit om 'n doodernstige saak, naamlik die redding van jongmense waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar het. Die kategesekinders moet almal se verantwoordelikheid word. Die kategese sal meer en meer aangewese raak op die konkreetheid van die geloofsgemeenskap, of dan op die ervaarbaarheid van die gemeente.[59]

7.6 Daarvolgens sal ook die geestelike leiers wat verantwoordelik is vir die kategese anders opgelei moet word. Die outoritêre styl en die deduktiewe gesagsmodel is net nie meer effektief nie. Dat die katkisante jongmense as kategete verkies, moet nie ligtelik opgeneem word nie.

7.7 Ons sal eerder gebruik moet maak van persoonlike gesprekke en groepsevaluasie as van toetse. Hoe kan slimmes dan nou beter vaar in die geloofstoets as minder slim kinders. Wat word getoets? Die kennis is geweldig belangrik, maar dan ook die lewensstyl van elke kind. Ten diepste moet dit tog vir ons gaan om die geloof in Jesus Christus en die redding van elke jongmens.

7.8 Vernuwing in die kategese sal ook ten nouste saamhang met vernuwing in die gesin. Die betrokkenheid van die ouers en tuisopdragte waaraan die hele gesin kan deelneem, kan sinvol wees. Dit lyk vir my dat die Nederlanders tog iets beet het met die sogenaamde huiskategese. 'n Gesin kan verantwoordelikheid aanvaar vir 'n groepie kinders wat hulle begelei tot met hul belydenisaflegging. Hieroor sal nog baie gedink en saam besin moet word.

7.9 Miskien moet ons weer 'n keer daaroor nadink dat Jesus gekom het om te red. Soos in die Ou en Nuwe Testament moet dit vir ons in die onderrig ten diepste gaan om 'n geloofsoproep. By die katkisante moet die liefde vir God aangekweek word.

7.10 Belydenisaflegging moet nie die einde of finale hoogtepunt van 'n onderrigtydperk wees nie. Hoe wonderlik sal dit nie wees as dit maar net die begin van 'n lewenslange, voltydse, onderrigproses sal wees nie.

8 Slot

Saam met Hartveld sê ons dat die gemeente die vertrekpunt is vir die kategese[60]. Dit is die pedagogiese omgewing van die kategese[61], die eerste amptelike onderrigkonteks van die kategese, en dit is die ervaringsruimte waarbinne die jongmense kan leer hoe om die Here te dien.

Notas

1 R Prins, "Geïsoleerde onderrig - die dilemma van die kategese", *Ned Geref Teologiese Tydskrif* vol 31/1(1990), 72.

2 Agenda van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1986, 169.

3 H Boshoff, *Samelewingsverandering en die kerk in die negentigerjare: moontlike implikasies*, 1990.

4 G D J Dingemans, *In de leerschool van het geloof*, Mathetiek en vakdidactiek voor catecese en kerklijke vormingswerk, Kampen 1986, 252.

5 Prins, *a w*, 72.

6 P van der Ploeg, *Waarom hebben jonge mensen tussen de zestien en de vijfentwintig jaar de (gereformeerde) kerken verlaten*? Groningen 1985, 191.

7 J H Ziegler, "Christian Education: A Constructive Theological Approach", *Encounter* vol 23 (1962), 137-169.

8 M J du P Beukes, "Die toepasbaarheid van R A Kruger se: Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp vir die kategese", in: A J Smuts (red), *Die Woord aan die werk*, Pretoria 1985, 49.

9 L P Calitz ea, *Die kurrikulum: 'n Handleiding vir dosente en onderwysers*, Butterworth, Durban 1982, 49.

10 A C Barnard, "Die kerk se evangeliesasieaksie", in: J J de Klerk (red), *Evangelistiek*, Pretoria 1979, 356.

11 Barnard, *a w*, 357.

12 W Botha, *Kategeet vir Christus I, Leer hulle om alles te onderhou*. Wellington 1991, 36.

13 Dingemans, *a w*, 159.

14 R Bijlsma, *Kleine Katechetiek*, Nijkerk 1962, 42.

15 Bijlsma, *a w*, 42.

16 Dingemans, *a w*, 119.

17 I B M Abram, *Joodse traditie als permanent leren*, Hilversum 1980, 42.

18 F Deist en W Vorster, *Woorde wat ver kom, Die literatuur van die Ou Testament Deel 1*, Kaapstad 1986, 70.

19 J Firet, *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*, Kampen ^{3}1977, 68vv.

20 Dingemans, *a w*, 164.

21 Dingemans, *a w*, 166.

22 T M Snyman, "Die kurrikulumproses en die kategese", *Ned Geref Teologiese Tydskrif* vol 31/2 (1990), 240.

23 R Barrow, *Commonsense and the curriculum*, London 1976, 53.

24 F X Eggersdorfer, *Jugendbildung*, München ^{7}1978, 15.

25 Dingemans, *a w*, 163.

26 Dingemans, *a w*, 139.

27 Dingemans, *a w*, 139.

28 Firet, *a w*, 68vv.

29 Dingemans, *a w*, 139.

30 Dingemans, *a w*, 139.

31 D J Viljoen, *Die verhouding van die senior KJA en die kategese*, (Ongepubliseerde referaat), 1976, 241.

32 Dingemans, *a w*, 141.

33 Snyman, *a w*, 242.

34 K A Schippers, *Er zijn voor anderen*, Kampen 1990, 116.

35 C W Burger, *Die funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap*, (Ongepubliseerde boek) 1991, 4.

36 B Goedhart, *Gereformeerde Gemeenteopbou*, Kampen 1984, 112.

37 Goedhart, *a w*, 112.

38 A F N Lekkerkerker, *De brief aan de Romeinen* II, Nijkerk 1975, 113 en W D Jonker, *Die eerste brief aan die Romeine*, Kaapstad 1976, 167.

39 A B du Toit, *Room van Romeine*, Kaapstad 1984, 113.

40 M J Booyens, *Julle sal my getuies wees*, 1987, 23.

41 Dingemans, *a w*, 119.

42 Goedhart, *a w*, 113.

43 J H Hendriks, "Komplimenterende koinonia-verbande", *Ned Geref Teologiese Tydskrif* vol 31/1 (1990), 99.

44 Schippers, *a w*, 126.

45 J P Versteeg, *Kijk op de kerk*, Kampen 1985, 9.

46 M Te Velde, *Gereformeerde Gemeenteopbou*, Barneveld 1989, 8.

47 Schippers, *a w*, 123.

48 W H Ritter, "Offenbarung und Erfarung", *Wissenschaft und Praxis in Kirche und Gesellschaft* vol 69(1980), 562.

49 Aangehaal deur J M Lee, *The content of religious instruction. A Social Science Approach*, Birmingham 1985, 628-629.

50 Ritter, *a w*, 565.

51 H J C Pieterse, *Gemeente en Prediking*, Pretoria 1990, 9.

52 Te Velde, *a w*, 13.

53 Schippers, *a w*, 127.

54 Dingemans, *a w*, 118.

55 E Schultz, *Religiose Elternbildung als Lebenshilfe. Ein humanwissenschaftliche orientierter theologischer Modellenentwurf*, Zurich 1979, 255-257.

56 Schippers, *a w*, 117.

57 Burger, *a w*, 50.

58 J Hendriks, *Een vitale en aantreklijke gemeente*, Kampen 1990, 23.

59 Schippers, *a w*, 128.

60 G P Hartveld/H M Kuitert, *In de kring*, Delft 1982.

61 Schippers, *a w*, 117.